higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 3

(9020023)

14 November 2022 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

288Q1N2214

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae sorgvuldig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou


VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte angtwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Kleinkinderjare duur vanaf …

A twee tot ses maande.
B ses tot twaalf maande.
C geboorte tot een jaar.
D een to drie jaar.

1.1.2 Die prentjie hieronder verteenwoordig 'n pasgebore baba se …



A moro-refleks
B toniese nekrefleks
C gryprefleks
D wortelrefleks

1.1.3 Tydens 'n … miskraam is die fetus lewendig en die proses kan voorkom word.

A volledige
B dreigende
C geïnduseerde
D onafwendbare

1.1.4 Toetse wat op vroue, wat deur menopause is, gedoen word om osteoporose op te spoor:

A Mammogram
B Papsmeer
C Ultraklank
D Beendigtheid

1.1.5 'n Eetversteuring wat gekenmerk word deur geheimsinnige oormatige etery (‘binge eating’), gevolg deur geïnduseerde braking:

A Bulimia nervosa
B Anorexia nervosa
C Vetsug
D Wanvoeding

Kopiereg voorbehou

1.1.6 'n Siekte wat gedefinieer word deur 'n gevoel van droefheid, tesame met geen belangstelling in die lewe nie:

A Skisofrenie
B Bipolêre siekte
C Maniese versteuring
D Depressie

1.1.7 Die behandeling wat benodig word vir 'n paartjie om 'n baba te verwek:

A Geassisteerde bevrugting
B Onvrugbaarheid
C Inplanting
D Ovulasie

1.1.8 Watter een is NIE 'n simptoom van alkoholisme is nie?

A Hunkering
B Sosiale afhanklikheid
C Verdraagsaamheid
D Fisiese afhanklikheid

(8 × 1) (8)

1.2 Lees die scenario en beantwoord die vrae wat volg:

Thandi is 25 jaar oud en 23 weke swanger, Gravida 2 en Para 0. Oppad werk toe het sy vaginale bloeding opgemerk. Sy is dadelik na die kliniek, maar hulle kon nie die swangerskap red nie. Sy het 'n ektopiese swangerskap gehad toe sy 20 jaar oud was.

1.2.1 Was Thandi se swangerskap lewensvatbaar? Motiveer jou antwoord. (2)

1.2.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (a–d) in die ANTWOORDEBOEK neer te skryf.

(a) Dit was Thandi se derde swangerskap.

(b) Thandi het 'n spontane aborsie gehad.

(c) Thandi was in die derde trimester van haar swangerskap.

(d) 'n Ektopiese swangerskap is wanneer die ontwikkelende eier op enige plek, anders as aan die binnekant van die baarmoeder, vasheg.

(4 × 1) (4)

1.2.3 Bespreek VIER stadiums van die rouproses. Pas elke stadium toe op Thandi se miskraam. (4 × 2) (8)

1.2.4 Ná die miskraam het die kliniek Thandi aangeraai om 'n voorbehoedmiddel te gebruik. Sy kon tussen TWEE metodes kies.

(a) Teken die tabel in jou ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit om vir Thandi met die besluit oor watter metode om te gebruik, te help:

	VOORBEHOEDPIL	IUA (INTRA-UTERIENE APPARAAT)
Werkwyse	•	•
Voordele	•	•
Nadele	•	•

(3 × 2) (6)

(b) Gee jou opinie oor watter metode die beste vir Thandi sal wees. Motiveer jou antwoord. (2 × 1) (2)

[30]

VRAAG 2

2.1 Kies 'n woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Spatare in die skrotum wat pyn en ongemak veroorsaak en die spermtelling verminder	A	besnyding
		B	sifilis
2.1.2	Die spermatiese koord (vas deferens en bloedvate) word gedraai, wat die bloedtoevoer na die testes kompromitteer	C	menopouse
		D	ovariale siste
		E	menslike papilloomvirus
2.1.3	Afwesigheid van menstruasie as gevolg van stres, gewigsverlies of swangerskap	F	endometriose
2.1.4	Pynlike of swaar menstruasie	G	varicoceles
2.1.5	'n Seksueel oordraagbare siekte wat vir die ontwikkeling van genitale en anale vratte verantwoordelik is	H	dismenoree
		I	testikulêre torsie
		J	epispadie
2.1.6	Endometriale weefsel wat elders in die bekken en abdomen gevind word	K	amenoree

2.1.7	Bakteriese infeksie wat deur seksuele omgang oorgedra word	
2.1.8	Chirurgiese verwydering van die voorhuid van die penis	
2.1.9	Permanente beëindiging van menstruasie	
2.1.10	Vloeistofgevulde gewasse op eierstokke wat kan bars of verstrengel kan raak	

(10 × 1) (10)

2.2 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae:

DIARREE BY KINDERS ONDER VYF JAAR IN SUID-AFRIKA

Diarree bly een van die hoofoorsake van sterftes, swak gesondheid en gestremdheid onder kinders jonger as vyf jaar in ontwikkelende lande. In Afrika, word daar beraam dat daar 696 miljoen gevalle en 9,6 miljoen ernstige episodes van diarree onder kinders in hierdie ouderdomsgroep voorkom. Diarree lei tot dehidrasie en 19% van sterftes van kinders onder vyf in Suid-Afrika en vir 46% op die kontinent van Afrika kan daaraan toegeskryf word.

[Source: *https://www.hst.org.za/publications/NonHST*]

2.2.1 Definieer die term *dehidrasie*. (3 × 1) (3)

2.2.2 Noem VIER tekens en simptome van dehidrasie. (4)

2.2.3 Om watter rede sou diarree tot so 'n hoë sterftesyfer onder kinders in Afrika tot gevolg kan hê? (4 × 1) (4)

2.2.4 Hoe dien mens orale rehidrasie toe? (4 × 1) (4)

2.3 Definieer die konsep *geestesgesondheid*. (5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 3

3.1 Kopieer die tabel hieronder in jou ANTWOORDBOEK en klassifiseer die volgende beserings as óf OPSETLIK of ONOPSETLIK.

OPSETLIKE BESERING	ONOPSETLIKE BESERING

3.1.1 Brand jou hand op die stoof terwyl jy kook

3.1.2 Seksuele aanranding

Kopiereg voorbehou

3.1.3 Oordosis slaaptablette na 'n egskeiding

3.1.4 'n Breinbesering wat tydens 'n motorongeluk opgedoen word as gevolg van die onklaarraking van die remme

3.1.5 'n Baba wat in die badwater verdrink omdat die ma op haar selfoon besig was

(5 × 1) (5)

3.2 Lees die scenario en beantwoord die vrae wat volg:

Britney is 14 jaar oud en is in haar eerste ernstige verhouding. Haar kêrel wil seks hê omdat dit simbolies van hul liefde vir mekaar sal wees.

3.2.1 Wat is die term wat gebruik word om puberteit by meisies te beskryf? (1)
(1 × 1)

3.2.2 Beskryf die fisiese veranderinge waardeur Britney tydens puberteit sal gaan. (5 × 1) (5)

3.2.3 Adviseer Britney oor die verskil tussen liefde en seks. (2 × 2) (4)

3.2.4 Na jou mening, loop Britney die gevaar om swanger te raak? Motiveer jou antwoord. (4 × 1 + 1) (5)

3.3 Bespreek anemie (bloedarmoede) onder die volgende opskrifte:

3.3.1 Definisie (1 × 2) (2)

3.3.2 Simptome (4 × 1) (4)

3.3.3 Oorsake (4 × 1) (4)
[30]

VRAAG 4

4.1 Kies EEN term uit die lys hieronder vir elk van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Elke term mag slegs EEN keer gebruik word.

beroerte; osteoartritis; leukemie; Parkinson se siekte; katarakte; osteoporose; rumatoïede artritis; menopouse; urinêre inkontinensie; hipertensie; 'presbycusis'

4.1.1 Bloeddruk van 140/90 of hoër vir drie opeenvolgende geleenthede

4.1.2 Gehoorverlies as gevolg van die verlies van sensoriese reseptore in die binneoor

4.1.3 Die slytasie van die kraakbeenvoering van die gewrig

4.1.4 Bloedkanker

4.1.5 Verduistering van die lens van die oog

4.1.6 Toestand wat veroorsaak word deur die verlies van kalsium van die bene wat hulle minder dig maak en dus meer broos en maklik breek

4.1.7 Chroniese outo-immuunversteuring wat ontsteking van die voering van die gewrigte veroorsaak, wat tot swelling en pyn lei

4.1.8 Onvermoë om urinering te beheer

4.1.9 'n Blokkering as gevolg van 'n bloedklont, of 'n bloeiende bloedvat in die brein

4.1.10 Breinversteuring wat 'n progressiewe verlies aan spierbeheer veroorsaak wat lei tot bewerigheid terwyl jy rus, swak balans, styfheid, loopprobleme, ens.

(10 × 1) (10)

4.2 Lees die scenario en beantwoord die vrae:

DIE VERSORGING VAN ROSE

Rose (84 jaar oud) het Alzheimer se siekte. Sy sukkel met die volgende daaglikse take:

- Om haar hare te borsel
- Om haarself te was
- Met die neem haar medikasie
- Om middagete te kook
- Met aan- en uittrek
- Om skottelgoed te was

4.2.1 Wat is *Alzheimer se siekte*? (3 × 1) (3)

4.2.2 Kopieer die tabel hieronder in jou ANTWOORDEBOEK. Tabuleer die verskille tussen basiese daaglikse lewensaktiwiteite wat gedoen moet word en instrumentele lewensaktiwiteite, deur te kies uit die daaglikse take waarmee Rose sukkel.

BASIESE DLA'e	ILA'e
•	•

(6 × 1) (6)

4.2.3 Maak EEN voorstel om Rose te help om haar daaglikse take te uit te voer. (1)

4.3 Bespreek die impak van kindermishandeling op die gesondheid van 'n kind.

(5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 5

5.1 Bespreek die volgende oorsake van geestesversteurings:

5.1.1 Sosiale en omgewingsoorsake (6 × 1) (6)

5.1.2 Fisiese en sielkundige oorsake (4 × 1) (4)

5.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

ITALIË KWAAI GETREF DEUR COVID-19

- Op 'n per capita-grondslag, lê Italië 37ste in die wêreld vir die aantal koronavirusgevalle, maar 4de wat sterftes betref.
- In 2019, het Italië die oudste bevolking in Europa gehad, met 22,8% van sy mense ouer as 65.
- Dit het een van die hoogste lewensverwagtinge wêreldwyd, op 83 jaar.
- 71% van dié ouer as 65 het ten minste twee onderliggende gesondheidstoestande gehad.

[Bron: *https://www.weforum.org/agenda/2020/12/italy-death-toll-pandemic-covid-coronavirus-health-population-europe/*]

5.2.1 Definieer die konsep *bejaarde bevolking.* (4 × 1) (4)

5.2.2 Na jou mening, wat is die verband tussen Covid-19 en ouderdom? (4 × 1) (4)

5.3 In 2002 het die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) die 'World Report on Violence and Health' gepubliseer, wat getoon het dat geweld 'n wêreldwye openbare gesondheidsorg-kwessie is.

5.3.1 Definieer die term geweld. (6 × 1) (6)

5.3.2 Onderskei tussen *selfgerigte geweld*, *interpersoonlike geweld* en *kollektiewe geweld*. Gee 'n voorbeeld van elk. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 6

6.1 Lees die scenario en beantwoord die vrae:

BABA AYESHA (6 MAANDE)

Baba Ayesha is vir die eerste 6 maande geborsvoed. By geboorte het sy 3,6 kg geweeg, en op 6 maande, 7 kg. Ayesha se ma glo nie aan inentings nie, aangesien Ayesha geborsvoed is. Ayesha word by die huis versorg en woon nie crèche by nie.

6.1.1 Noem AGT voordele van borsmelk. (8)

6.1.2 Is baba Ayesha gereed vir vaste stowwe? Ondersteun jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (2 × 1) (2)

6.1.3 Waar behoort Ayesha te wees ten opsigte van haar ontwikkelingsmylpale? (5 × 1) (5)

6.1.4 Stem jy saam met of verskil jy van Ayesha se ma oor entstowwe? (2 × 2 + 1) (5)

6.2 Vergelyk die impak van swangerskap op tienermeisies en getroude vroue. Kopieer die tabel en voltooi dit in jou ANTWOORDBOEK.

	TIENERMEISIES	GETROUDE VROUE
Voeding		
Toegang tot mediese dienste		
Komplikasies tydens swangerskap?		
Impak op die moeder		
Impak op die kind		

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou